# PROF. DR. GERHARDUS VAN DER LEEUW. (†)

MAURICE ROELANTS het na aanleiding van die dood van 'n groot letterkundige en geesverwant gesê: „De wereld blijft niet dezelfde als een van haar prinsen van de geest haar verlaat." Iets van hierdie selfde weemoed wat ROELANTS gevoel en uitgespreek het, was ook daar toe aan die einde van 1950 van die afsterwe van PROF. VAN DER LEEUW verneem is. PROF. VAN DER LEEUW was 'n groot wetenskaplike, 'n groot kultuurmens, 'n groot Nederlander en 'n belangrike skakel in die ketting wat Nederland en Suid-Afrika op baie wyses saamverbind. Dit is daarom paslik en goed dat ons hier in ons land en in hierdie teologiese blad van ons Kerk iets oor sy ryk lewe in herinnering sal roep en 'n paar woorde oor sy betekenis sal spreek.

Vroeër jare het hierdie Groningse professor alleen indirek verband met ons land gehad. Daar was 'n paar studente wat onder hom studeer, en later hier aan ons universiteite doseer het. Maar ook sy wetenskaplike werke het hier bekend geword, en dit was veral sy „*Inleiding tot de Godsdienstgeschiedenis*" van 1924, die standaardwerk „*Phaenomenologie der Religion*" van 1933 en sy „*Inleiding tot de Theologie*" van 1935 wat hier gebruik is, en wetenskaplik-teologiese invloed gehad het.

Maar in 1947 het die voormalige minister van „Onderwijs, Kunsten en Wetenschappen" self ons land besoek as kulturele afgesant. Soos in sy wetenskaplike werk, het hy hierheen gekom met die nodige „sympathie der existentie", vir ons land, ons kultuur en ons probleme. Hy het oor sy besoek en indrukke o.a. die volgende publiseer: „*Reisbrieven uit Zuid-Afrika*" I–V in Vrij Nederland van 24 Mei, 31 Mei, 14 Juni, 28 Juni en 12 Juli 1947; „*Indrukke van Suid-Afrika*" in Die Huisgenoot van 15 Aug., 1947; „*Drie Zuid-Afrikaanse Ontmoetingen*" in Wending, 2e jrg., blz. 23 v.v. en „*Elisabeth Eybers*" in Zuid-Afrika, 26e jrg., blz. 73 v.v.

Uit hierdie geskrifte blyk sy groot aanpasbaarheid, (sy geestelike plastisiteit), sy fyn wetenskaplike waarnemingsin en sy goeie insig (bv. in ons letterkunde). Die vrug van hierdie spreke was dat hy daardeur veel gedoen het vir die onderlinge „begrypelijke Verstaan" tussen Nederland en Suid-Afrika. Partykeer het hy kritiese opmerkinge gemaak, maar hy het dit gedoen ná fyn oorweging, met groot liefde en belangstelling.

In 1949 het hy as Voorsitter van die „Commissie van Advies en Coördinatie" vir 'n tweede keer ons land besoek, hierdie keer om die Nederlandse volk by die inwyding van die Voortrekkermonument te verteenwoordig. In hierdie verband het hy in Zuid Afrika, 27e jrg., no. 3 die „*Boodschap, Voortrekkersmonument*'" en in De Groene Amsterdammer, 31 Dec., 1949 „*Op die Voortrekkerspad*" gepubliseer.

In sy wetenskaplike werk het PROF. VAN DER LEEUW soveel fyn en treffende dinge oor die verskynsel van die „feesviering" gesê en dit as

een van die boustene van die verskynsel van die godsdiens gesien. In sy fenomenologiese kennisleer het hy die „sien, doen en spreke", die „belewing" en dan die uiteindelike „begryplike verstaan" tot grondpilare van sy hele wetenskaplike werksaamheid gemaak. Met sy tweede besoek het PROF. VAN DER LEEUW hierheen gekom om die feesvieringe hier te beleef; met albei besoeke het hy gekom om die dinge hier in ons land te sien, *belewend* daaraan mee te *doen* en ná die verstaan daarvan, daaroor te spreek. Dit is vanuit hierdie agtergrond dat ons dié dinge wat hy oor sy besoeke geskryf en gesê het, moet verstaan en waardeer.

Maar dit is trouens ook vanuit hierdie agtergrond (dat PROF. VAN DER LEEUW wetenskaplik *werk*-saam was met die inset van sy hele, ryk en gekompliseerde persoon en wetenskaplike belewing), dat ons sy uitgebreide wetenskaplike werksaamheid moet probeer verstaan en begryp. In die volgende paar reëls wil ons enkele breë lyne trek en 'n paar grepe neem uit sy omvattende werk om beide die verstaansagtergrond van sy werk én sy werk helderder te laat word.

1. Die eerste saak wat sigbaar word wanneer ons ons begin besighou met sy werk, is sy verbasende veelsydigheid, sy *universaliteit*. DR. F. SIERKSMA noem hom (in sy werkie *„Prof. Dr. G. van der Leeuw"* (1951)) een van die laaste, weinige werklik-lewende weseuropeane. Wes-europa was vir PROF. VAN DER LEEUW 'n lewende werklikheid; en hierdie gedagte het hy wetenskaplik, polities en persoonlik beleef en uitgeleef. Maar nou het hy goed geweet dat Wes-europa 'n groeiende grootheid is, al het hy dit gesien as 'n geheel. Literêr en musikaal, kultureel, het hy eintlik 'n „katolieke smaak" gehad. En tog het hy sy hart en verlange eintlik vasgemaak aan die weseuropese wêreld van BACH, GOETHE EN NOVALIS. Natuurlik het hy soos baie min mense die wending in die musiek langs die lyn van WAGNER, BERLIOZ EN DEBUSSY gesien en geken; natuurlik het hy die „verburgerliking" van die drama by IBSEN (en later) gesien en beleef; sekerlik het hy 'n oop oog vir die „ontmaskeringsproses" van NIETZSCHE, FREUD en SARTRE gehad. Amerika het hy goed geken. Hy het weldeeglik met al hierdie dinge gereken; hy het dit selfs waardeer. En tog het hy treurig gevoel daarby. Hy het dit altyd gesien as 'n „vermageringsproses", en het terugverlang na die „bloeityd" van die weseuropese kultuur. In hierdie sin was PROF. VAN DER LEEUW 'n *romantikus*. Een van die eerste werklike weseuropeane, die *„homo universalis"*, LEONARDO DA VINCI, het vir hom vryheid verwerf deur sy universaliteit en genialiteit. Hy was altyd afhanklik van „hoër stande", van die Kerk en vorstelike persone, maar deur sy universaliteit en vermoë het hy homself groot en vry gemaak, sodat hulle hom wat sonder stand en 'n werksman was, altyd gesoek het. Een van die laaste weseuropeane het die verburgerliking, vermaering en nivellering sien intree sowel in Wes- as in Ooseuropa en daarvoor treurig gevoel en terugverlang na 'n vroeër bloeitydperk.

Hierdie universaliteit tree op verskillende maniere sigbaar na vore. PROF. VAN DER LEEUW kon byna elke weseuropese taal vloeiend en met

styl praat. Behalwe in Nederlands, het hy ook in Frans, Duits, Engels en Italiaans gepubliseer. Hy het meer as 'n dertigtal grotere, deeglikdeurdagte werke geskryf, waaronder daar verskeie standaardwerke oor verskillende vakgebiede is. Sy gepubliseerde boeke, brosjures, artikels ens., bedra meer as 1,400 afsonderlike stukke en sluit 'n groot verskeidenheid van onderwerpe in. Oor al hierdie duisend dinge het hy met groot vakkundigheid en fynheid belangrike en nuwe dinge gesê. In hierdie verband kan 'n mens byna die leus bokant sy lewe skryf: *Homo sum, nihil quod hominum mihi alienum est.* „Ek is 'n mens en daarom is niks mensliks vir my vreemd nie." Maar dan moet ons ook hierby die volle betekenis van hierdie sin klankvol laat word. PROF. VAN DER LEEUW was in die eerste plek *mens*. Dat hy professor was, dit was ingesluit in die *spel*, in die drama, van die lewe. En al het hy dit dood-ernstig gespeel as 'n lewensbelangrikheid — want so hoort dit, so is elke werklike spel — hy kon ook iets anders gewees het. Maar hy kon nie iets anders wees as *mens* nie. Hy was daarop geworpe om *mens* te wees. Dit is daarom dat hy alle fundamentele menslike betrekkinge, alle menswees, bv. sy eie gesin en sy verkeer met hulle, so ernstig geneem het.

2. En nou het PROF. VAN DER LEEUW al hierdie wydverspreide dinge en vakgebiede saamgebind met die deurlopende draad van een magtige *metode* nl. die *fenomenologie*. Gedurende PROF. VAN DER LEEUW se werksaamheid het daar 'n kentering in die westerse wetenskap en filosofie gekom. Een van die uitingsvorme daarvan was die *metodestryd*. Teen die kwantifiseringsproses van die natuurwetenskappe — wat in alle vakgebiede ingedring het — is gesoek en gestry vir 'n metodologie vir die *geesteswetenskappe*. PROF. VAN DER LEEUW het in hierdie stryd die lyn van DILTHEY gevolg. Maar nou kan ons hom nie sonder meer 'n Dilthey-leerling noem nie. DR. EVA HIRSCHMANN het in haar boek, „*Phaenomenologie der Religion*" 1940, aangetoon dat PROF. VAN DER LEEUW in sy „strukturpsychologisch verstehende Phaenomenologie der Religion", eintlik die saamknooppunt is van ten minste elf sisteme met nie minder as 40 voorlopers nie. Sy merk op: „Ein grosses Verdienst van der Leeuws ist es, abgesehen von ungeheurer Materialsammlung, dass er Forscher, die die verschiedensten Methoden zur Kenntnis religiöser Phänomene anwenden, die — damit verbunden — die entgegengesetztesten Meinungen vertreten, beachtet hat, und sowohl die Theologie, Religionsphilosophie, -geschichte und -psychologie als auch die Kunst und medizinische Psychologie zu Rat gezogen hat. Alle Methoden, die wir bisher besprachen, kommen in irgendeiner Form in der Arbeit van der Leeuws zur Geltung."

Ons het alreeds gewys dat die grondpilare van hierdie metode die „sien, doen en spreke", die „belewing" en die uiteindelike „begryplike verstaan" is. Dit ken eintlik nie die verleentheid oor die spanning tussen objek en subjek soos by KANT nie. Die-saak-self verskyn *aan my*. PROF. VAN DER LEEUW het eenkeer in 'n gesprek daarop gewys dat die geslaagdheid van die fenomenologiese metode en werkwyse in laaste instansie

van die begaafdheid van die fenomenoloog afhang. Prof. van der Leeuw het tot 'n groot mate daardie insig in die sin en daardie aanvoeling van die grotere samehange van die verskynsele gehad en kon daarom die wese daarvan goed begryp en meesterlik eenvoudig meedeel. Hy was 'n goeie fenomenoloog.

Oor die fenomenologiese metode het Prof. van der Leeuw uitvoerig geskryf in sy „*Inleiding tot de Theologie*", 1935, 2e dr. 1948; „*Phänomenologie der Religion*," 1933, Hoofst. 109; „*Strukturpsychologie und Theologie*" in ZTLK, Nr. 9 S. 321 – 349, 1928 en „*Ueber einige neuere Ergebnisse der psycholochischen Forschung und ihre Anwendung auf die Geschichte, insonderheit die Religionsgeschichte*", in Studi e Materiali di storia delle Religione, Vol. 2, S. 1 – 43, Roma 1926.

3. Van hieruit loop nou verskillende verdere lyne. Prof. van der Leeuw was eintlik as wetenskaplike Godsdienshistorikus of Godsdiensfenomenoloog. In hierdie opsig het hy eintlik tot taak gehad om die groot werk wat deur sy groot landgenote Chantepie de la Saussaye en C. P. Tiele *begin* is, voort te sit. Ons meen dat hy nie alleen 'n waardige voortsetter van hulle werk was nie, maar ook in sommige opsigte hierdie twee groot geleerdes oorskadu het. In hierdie verband kan ons sy „*Inleiding tot de Godsdienstgeschiedenis*" van 1924 noem, maar veral sy „*Phänomenologie der Religion*", Tüb., 1933; Engelse Vertaling deur Turner, London 1938; *Edition française refondue et mise au jour par l'auteur avec la collaboration du traducteur* Jacques Marty, Paris, 1948."

4. Dit het seker al sigbaar geword by die beskrywing van die universaliteit van Prof. van der Leeuw, maar ook by die daarstelling van die fenomenologiese metode as belewing, aanvoeling en tot-spreke-bring van die sin en wese van die verskynsels, dat daar iets van *estetiek* in sy werk en lewe lê. En inderdaad is dit nie toevallig nie. As dit nie so was nie, sou Prof. van der Leeuw geen goeie fenomenoloog gewees het nie. Prof. van der Leeuw het nie alleen 'n kunstige styl van lewenshouding en spreke gehad nie, maar het ook diep in die kuns as sodanig belang gestel. Hy het dit gesien as 'n greep om uit die bonte verskeidenheid van die lewe iets verstaanbaar en sinvol te orden. Dit is ook een van die grondvorme van die verskynsel van die godsdiens. Sy boekie „*Bach's Mattheuspassion*" van 1937 is in 1947 vir die vyfde maal herdruk. 'n Pragtige artikel in hierdie verband is ook „*Das Heilige und das Schöne*" in Zeitschrift für Religionspsychologie, Bd. 2, S. 101, asook die twee werkies: „*In dem Himmel ist ein Tanz . . . Ueber die religiöse Bedeutung des Tanzes und des Festzuges*," München 1931 en „*Muziek en religie, in verband met de verhouding van woord en toon*", A'dam, 1935. Ons bevind ons hier op daardie grensgebied waar beide die teologie én die estetiek hulle nette van sinvolheid sprei. Maar 'n groot werk van beslissende betekenis in hierdie samehang is sy boek „ *Wegen en Grenzen. Studie over de verhouding van religie en kunst*," A'dam 1932, 2de en vermeerderde druk in 1948. Daar lê iets tipies in hierdie titel opgesluit. Prof. van der Leeuw

was iemand wat in sy „Immerstrebend sich bemühen" altyd na nuwe weë gesoek het en daarmee tot by die uiterste grense geloop het. Dit is nie so, soos sommige n.a.v. sy vloeiende skryf- en spreekstyl gesê het, dat hy slegs bo-oor die dinge heen loop nie. Hy het altyd geworstel totdat hy by die uiterste grense gekom het. Daardie grense het hy fenomenologies die „eschata" genoem. Dit, het PROF. VAN DER LEEUW gesê, word in die Christelike teologie „God" genoem. Nou is dit nie so dat hy reglynig vanaf die wêreldgrense op God besluit nie. Hy is baie bewus daarvan dat hier 'n waagstuk, 'n sprong lê. Hierdie sprong noem die Christelike teologie die geloof. Maar hieroor spreek die „fenomenoloog" nie. God is geen verskynsel, geen fenomeen, saam met ander nie. Hieroor spreek die egte Teo-logie. In ons geloofslewe is dit nie nodig dat ons teen hierdie wêreldgrense sal stoot nie, maar in ons wetenskaplike spreke (as ons nie in 'n lugleegte wil praat nie) is dit wel noodsaaklik. In 'n gesprek het PROF. VAN DER LEEUW eendag 'n fyn beeld gebruik. Hy het 'n afsku gehad in 'n naprater-dialektiek (wat hy by baie Bartiane, maar nie soseer by BARTH self gevind het nie). Sy beeld was: „As ek met 'n vliegtuig vanaf die Switserse berge reis na Nederland dan is ek gou daar, maar eintlik het ek niks daardeur geleer nie. Wanneer ek die afstand self worstelend moet afstap, dan weet ek deur eie belewing hoe hoog die Switserse berge en hoe ver die Nederlandse grens is." Wanneer ons deur eie eksistensiële worsteling die vér grense van die wêreld leer ken het, weet ons ook hoe hoog die hoë berge is. Dit kan ons deur napraat-dialektiek nie leer nie.

5. Maar hierdie aktiewe, *daad*-werklike belewing en kunsvorme vind ons nie net in die heidense godsdienste nie. Ook in die christelike gemeente *gebeur* daar iets (bv. by die prediking van die Woord en die gebruik van die Sakramente); ook die christelike *beleef* en *doen* iets in die gebeurtenis van die erediens. Daar is styl in daardie gebeurtenis van die ere-*diens*, daar is vorm daarin, daar is ook kuns daarin. PROF. VAN DER LEEUW het getrag om die lewende sin en betekenis van hierdie dade-in-diens-van-God, van hierdie gebeurtenis van die erediens en die stylvorme daarvan bewus en duidelik te maak. Veral in later tyd het PROF. VAN DER LEEUW al meer belang gestel in die *liturgie* en die belangrikheid daarvan vir die hele Teologie ingesien en hom daarvoor beywer. Hieroor het hy o.a. geskryf: „*Liturgische Handboekjes I–VII,*" Baarn 1923–1930 en „*Liturgiek*", Nijkerk 1940, 2e druk 1946.

6. Deur die woordvensters van dit wat ons alreeds gesê het, het dit alreeds duidelik geword dat PROF. VAN DER LEEUW nie net belang gestel het in die antropologiese vorme van kuns, godsdiens en kultuur nie, maar ook in die *antropologie* as sodanig. Hieroor het o.a. verskyn: „*La structure de la mentalité primitive,*" Strasbourg, 1928; „*De Primitieve Mensch en de Religie, Anthropologische Studie,*" Groningen 1937, *Edition française*, Paris 1940 en „*Der Mensch und die Religion,*" Basel 1941. Teen die eensydige rasionele, saaklike, gekwantifiseerde siening van die mens, laat PROF. VAN DER LEEUW die struktuur van die a-redelike, ongekwantifi-

seerde kwalitatiewe „primitiewe mentaliteit" sigbaar word. Dit is goed om hier op te merk dat beide LUCIEN LEVY-BRUHL en ERNST CASSIRER op wie se voetspoor VAN DER LEEUW hier volg, uit die positiwistiese skool gekom het, voordat hulle hierdie rigting ingeslaan het. Ook hulle s'n was 'n reaksie op die rasioneel-kwantitatiewe rigting. Maar nou is dit nie so dat PROF. VAN DER LEEUW sy oog sluit vir die rasionele struktuur nie. Beide die primitiewe en die rasionele strukture is twee grondvorme wat deur die hele geestesgeskiedenis van die mens loop en in 'n sekere ewewig moet staan. As één van hulle onderdruk word, wreek dit sig in een of ander geestes-abnormaliteit — hetsy sosiaal, hetsy persoonlik.

'n Ander verdienste van sy antropologiese studies is dat VAN DER LEEUW aangetoon het dat ons nooit die mens vanuit die wêreld of vanuit homself begryplik kan verstaan nie. Die mens moet altyd vanuit 'n „eschaton" begryp word. Hierdie „eschaton" van die fenomenologie is vir die Christelike Teologie God in Sy openbaring.

7. Deur al hierdie dinge heen, het PROF. VAN DER LEEUW altyd christen-*teoloog* gebly. Selfs in sy groot werk oor die godsdienste in die algemeen („*Phänomenologie der Religion*") erken hy dat hy nooit sy siening as christen heeltemaal kon uitskakel nie, al vra die fenomenologie ook hierdie „uitskakeling". Ons wil nie die ander eintlik-teologiese werke van hom noem nie. Ons wil hier alleen opmerksaam maak op sy laaste groot werk „*Sacraments-theologie*", Nijkerk, 1949. Hierdie werk *moes* hy eintlik geskryf het. Hierin kom byna al die motiewe van sy wetenskaplike werk wat ons tot dusver genoem het (en ook nog ander baie belangrike motiewe) ter sprake: Sy fenomenologiese vaardigheid, sy estetiek, sy liturgiek ens. Teen die „vermagering" van die Theo-logie tot blote „Woord", tot byna wetenskaplike spreek-woord, word hier op die rykdom en misterie van die saaklikheid, die realisme en die „belewing" van daardie realia in die gebeurtenis en sfeer van die sakrament en inkarnasie heengewys. Hier vind ons VAN DER LEEUW op sy beste. In hoeverre hierdie boek sal inslaan en invloed sal uitoefen, moet die tyd ons nog leer.

---

Nadat ons nou hierdie paar lyne getrek het, kan ons daarbo die veelaangehaalde gedig van TENNYSON as paslike opskrif sit:—

„Flower in the crannied wall,
I pluck you out of the crannies;
I hold you here, root and all, in my hand,
Little flower — but *if* I could understand
What you are, root and all, and all in all,
I should know what God and man is."

Hier word die pole en spanninge waartussen en waardeurheen die gedagtes en lewe van VAN DER LEEUW beweeg het, weereens duidelik sigbaar: Die drang om te verstaan en te begryp, die skoonheid en die

geheimenis (die blom), mens en God. Eers wanneer ons moeisaam die weë van hierdie wêreld met sy skoonheid en raaisels (die „blom" in hierdie gedig) geloop het tot by die uiterste grens, dan stoot ons op die „eschata". Die Christelike geloof weet dat hierdie grens eintlik God is. En eers wanneer ons God in Sy openbaring ken, verstaan ons wêreld en mens goed en reg. Maar die taak van die wetenskaplike is om hierdie moeisame weë enduit te loop; sy vreugde is dat hy ook gelowige kan wees en kan weet dat hy, nou alleen ten dele ken, maar eenkeer ten volle *geken* sal *word* . . . deur God.

Florida, Julie, 1951. B. J. ENGELBRECHT.